

ONS SAL NIE DOELTREFFENDHEID NIE MAAR SALOMO SE WYSHEID NODIG HÊ  
IN DIE OORGANG NA 'N DEMOKRATIESE NUWE SUID-AFRIKA<sup>1)</sup>

Sampie Terreblanche

1992

1. PROBLEEMSTELLING

Die transformasie wat nodig is om Suid-Afrika van 'n land met 'n Apartheidbestel en 'n blanke monopolie van politieke mag te omvorm tot 'n Demokratiese Nuwe Suid-Afrika, is 'n baie ingrypende en veeldimensionele transformasie. Ek kry soms die indruk dat sommige mense (veral in die geledere van die De Klerk Establishment) van mening is dat dit voldoende sal wees indien 'n ander politieke bestel - volgens die sg. Regstaat-model - tot stand kan kom terwyl alle ander lewensterreine - soos die ekonomiese, die sosiale, die mediawese, die burokrasie, ens. - so onaangeraak (so onveranderd) as moontlik gelaat kan word en verkieslik ook so onveranderd as moontlik gelaat moet word. <sup>wat so dink</sup> Mense maak hulle nie net aan 'n ernstige misvatting skuldig nie, maar aan 'n misvatting omtrent die wese van die benodigde hervorming wat gevaarlik kan blyk te wees.

In my hoedanigheid as Ekonom, sal ek my hoofsaaklik beperk tot die wisselwerking én die sinkronisering wat tussen politieke (grondwetlike) en ekonomiese strukture behoort plaas te vind voordat daar van 'n nuwe en 'n standhoudende demokrasie in Suid-Afrika sprake kan wees.

2. DIE UITSTAANDE KENMERKE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE

Die proses van grondwetlike transformasie moet teen die agtergrond van die uitstaande kenmerke van die Suid-Afrikaanse ekonomie gesien en beoordeel word. Vir ons doeleinades kan ons die hoof-kenmerke tot die volgende vier beperk:

1) 'n Kort weergawe van die toespraak wat ek by die Jaarlikse Takdinee van die Wes-Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs gehou het in Milnerton op 6 Mei 1992.

- (a) Die ongelyke verspreiding van ekonomiese (korporatiewe) mag en beheer, die ongelyke verspreiding van eiendom, van bevoorregting en van propaganda (en/of media) vermoëns.
- (b) Die ongelyke verspreiding van inkome, geleenthede en verbruik.
- (c) Die chroniese daling in die reële per capita inkome en daarmee samehangende stygende werkskaarsheid ("job scarcity") sedert die middel van die sewentigerjare waardeur 'n groot persentasie van die bevolking in absolute armoede gedompel is.
- (d) Die groeiende afhanklikheid van die moderne sektor van die ekonomie van buitelandse belegging en buitelandse deelname om 'n redelik hoë ekonomiese groeikoers te kan behaal.

Ek wil hierdie vier kenmerke - én die relevansie daarvan in die hervormingsproses - in teenoorgestelde orde behandel.

### 3. GROEIENDE BEHOEFTE AAN BUITELANDSE KAPITAAL

Van 1960 tot 1990 het die kapitaal/arbeid verhouding in die moderne sektor van die ekonomie, verdriedubbel. Dit verteenwoordig 'n baie ongelukkige ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die Verwoerdiaanse geïnspireerde ekonomiese beleid wat 'n "wit ekonomie" - onafhanklik van swart arbeid - wou skep, het 'n belangrike bydrae tot die oordrewe kapitaalintensiteit van die moderne sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie gemaak. (Voorbeeld is die wisselkoers wat kunsmatig hoog gehou is, rentekoerse wat laag gehou is en 'n belastingbeleid wat investering gesubsidieer het!) Westers geskoolde ingenieurs het ook 'n bydrae gelewer.

Ná 1985 ondervind Suid-Afrika 'n baie groot uitvloei van buitelandse kapitaal en blyk dit dat die kapitaalintensiteit die Achilles-heel van die Suid-Afrikaanse ekonomie geword het.

Gegewe Suid-Afrika se relatief "Derde Wêreld-karakter" en die groot aanbod van (ongeskoolde) arbeid, behoort ons ekonomie

baie minder kapitaal-intensief te wees. Oor sê 20 jaar moet dit meer arbeidsintensief wees. Maar aanvanklik moet ons die kapitaalintensieve "masjien" aan die gang kry. Oor die afgelope 15 jaar het netto besparings skerp gedaal. (Dit het van gemiddeld 14 persent in die sestiger- en sewentiger jare na minder as 8 persent ná 1982 gedaal). Om ons kapitaal-intensieve "masjien" (ekonomie) aan die gang te kry, sal ons dus 'n groot invloei van buitelandse kapitaal moet ondervind.

Volgens billike aannames sal ons \$7 miljard se buitelandse beleggings jaarliks moet lok om 'n groeikoers van 4 persent per jaar te handhaaf en \$11 miljard om 'n groeikoers van 5 persent per jaar te kan behaal.

Dit is dringend noodsaaklik dat instemming oor 'n "grondwetlike bedeling" vir 'n oorgangsperiode voor die einde van 1992 bereik sal word, sodat 'n "politieke" - en hopelik ook 'n "sosiale" en 'n "nie-geweld" - atmosfeer geskep sal word wat gunstig genoeg sal wees om redelike bedrae buitelandse kapitaal na Suid-Afrika te lok want daarsonder sal ons nie na 'n hoër groeipad (én groter werkskepping) kan beweeg nie.

Die toekomstige regering - hopelik 'n vrywillige koalisie tussen sê die ANC en die NP (maar met die meerderheidsparty as die senior vennoot) - sal voortdurend omstandighede moet handhaaf wat aantreklik en stabiel genoeg sal wees om maksimale buitelandse belegging na Suid-Afrika te lok.

#### **4. DALENDE REËLE P.C. INKOME (KRUIPENDE ARMOEDE) EN GROEIENDE WERKLOOSHEID**

Die kruipende armoede en die groeiende werkloosheid wat sedert die middel van die sewentiger jare ondervind word, het nie alle bevolkingsgroepe ewe nadelig getref nie. Die boonste helfte van die Swartes se relatiewe ekonomiese posisie het waarskynlik verbeter. Reële lone van Swartes in diens het met 25 persent in reële terme gestyg in die 1980s. Belangrike gedeeltes van die Kleurlinge en Asiërs het ook opwaarts beweeg. Die meeste blankes se posisie het verswak. 'n Groot deel van die kruipende

armoede is op die onderste helfte van die Swartes "afgewentel". Na beraming leef 42 persent van alle huishoudings (of 17 miljoen mense) in absolute armoede. Na beraming kan 42 persent van die (potensiële) arbeidsmag nie vaste werkgeleenthede in die formele sektor van die ekonomie kry nie. Die vermoë van die ekonomie om nuwe toetredenes tot die arbeidsmark te absorbeer, het skerp gedaal van 84 persent in 1970, 50 persent in 1980 na slegs 16 persent in 1990. Dit is 'n baie sorgwekkende stand van sake.

Die Swart bevolking kan vir alle praktiese doeleindes gelykop verdeel word tussen Insiders en Outsides. Die lot van die (vergete onderste 40 persent) Outsiders bied groot rede tot kommer. Hulle leef in mensonwaardige armoede en ellende. Suid-Afrika kan as 'n Hoër Middel Inkome land geklassifiseer word. Hierdie lande het in 1987 8,7 persent van BNP produk aan sosiale sekuriteit en welsyn (die sg. "safety net") bestee, terwyl Suid-Afrika slegs 2,1 persent daaraan bestee is. (Ek het verlede jaar in Junie in 'n artikel in The Cape Times gepleit vir 'n "War on Poverty" waarvolgens R10 miljoen op die armes bestee sal word - d.w.s. 'n addisionele 3 persent van BNP. Sonder sodanige medelye met die lot van die armes, sal dit moeilik wees om 'n atmosfeer van stabiliteit te skep wat nodig is vir 'n hoër groeikoers.)

Vanweë die kruipende armoede en groeiende werkloosheid is dit dringend noodsaaklik dat politieke, sosiale en ekonomiese omstandighede wat bevorderlik sal wees om buitelandse belegging te lok en die ekonomie na 'n hoër groeipad beweeg word, so gou moontlik geskep sal word.

##### 5. ONGELYKHEDE IN DIE VERDELING VAN INKOME, GELEENTHEDEN EN VERBRIUK

Die ongelyke verdeling van inkome en geleenthede in Suid-Afrika is volgens die Gini-koëffisiënt van die ongelykste in die wêreld. Die feit dat dit so nou korreleer met die eertydse statutêre bevolkingsgroepe bring mee dat ons met reg van die "ongelykheid van apartheid" kan praat. Indien die reële p.c. inkome van

die blankes op 'n indeks van 100 geplaas word (in 1990), was die Indiërs s'n 35, die Kleurlinge s'n 25 en die Swartes s'n 12! (Die Outsiders se inkome is natuurlik nog laer vis-à-vis die blankes.)

Die bestedingsgaping van die owerheid se sosiale bestedings het aanmerklik vernou maar die per capita sosiale bestedings op blankes is nog ± 3 maal groter as die gemiddelde besteding. Onderwys besteding per skolier was in 1990 100, 75, 59 en 18 respektiewelik.

Die koerantberigte wat beweer het dat die IMF-verslag (Occasional Paper 91) nie ten gunste van hoër owerheidsbesteding is nie en Groei bo Herverdeling verkies, gee 'n foutiewe interpretasie van die IMF se standpunt. Die IMF toon korrek aan dat die herverdeling oor die lang termyn net kan slaag indien 'n hoër groeikoers behaal kan word. Die IMF is inderdaad nie ten gunste van hoër owerheidsbestedings en/of hoër sosiale bestedings nie. Maar is wel ten gunste van 'n "basic re-ordering of (social spending) priorities within the present social spending budget". Die "re-ordering" wat die Paper voorstel is so radikaal dat dit waarskynlik nie haalbaar is nie. Die Paper is beslis ten gunste van herverdelingsmaatreëls.

Indien 'n groeikoers van minstens 4 persent gehandhaaf kan word, sal die "bestedingsgaping" (en die ongelykheid van geleentheid) in die eersvolgende 10 tot 15 jaar uit die weg geruim kan word.

#### **6. DIE ONGELYKHEID IN DIE VERDELING VAN "POWER, PROPERTY, PRIVILEGES AND PROPAGANDA".**

Ons sou die ongelykheid van hierdie vier P's as die strukturele ongelykheid **par excellence** kon noem.

Vanweë die noue samewerkingsverhouding wat oor die afgelope 10 jaar tussen die NP-regering, die Burokrasie, die korporatiewe sektor (Engels sowel as Afrikaner) en die hoofstroom media ontwikkel het, het 'n "compact of power" tot stand gekom. Vanweë die onderlinge samewerking in hierdie "compact of power" tel

die 4 Ps nie op tot 4P nie, maar vermenigvuldig dit tot P<sup>4</sup>. Hierdie Compact of Power = P X P X P X P = P<sup>4</sup> vorm die Bourgeois Establishment.

Ken Owen skryf op 18 April dat "There is not much ... to choose between the Nationalists and the ANC ... the one clings, the other grabs." Ken Owen sou meer korrek gewees het as hy beweer het dat die Bourgeois Establishment "klou" in die Bevrydingsorganisasies probeer "gryp".

Hervorming het nie net met 'n nuwe grondwet en legalisties ooreengekome "wigte en teenwigte" te make nie. Die transformasie na 'n Nuwe Demokratiese Suid-Afrika kan nie tot stand kom voor die noue samewerkingsverhouding in die "compact of power" nie ontrafel is nie. Elkeen van hierdie vier magsblokke en die regering van die nuwe Suid-Afrika en die vakbondbewegings moet "ontwikkel" tot 'n "netwerk" of Countervailing Forces om stabilitet en struktuur aan die Nuwe Suid-Afrika te verleen. Oor die langtermyn moet ons die standhoudendheid van ons Nuwe Stelsel nie in legalistiese wigte en teenwigte soek nie (dit verdien wel 'n plek), maar aan 'n pluralistiese netwerk van Countervailing Forces. Om die nodige sensitiewiteite vir die verskillende "Magsblokke" te ontwikkel, is dit wenslik dat (sê) 'n ANC-regering vir 5 of 10 jaar deel van 'n vrywillige koalisie sal vorm.

In terme van Ken Owen se beeld "klou" die Bourgeois Establishment (BE) terwyl die Bevrydingsorganisasie (BO) wil "gryp". Die BE sal heelwat meer MAG - politieke, burokratiese, korporatiewe en media mag - moet prysgee en die BO sal met minder MAG tevreden moet wees as wat hulle hoop om te bekom. Waar lê die goue middeweg? Ek weet nie. Ek weet net die NP en die BE maak hulle nog steeds skuldig aan TE MIN, TE LAAT. Die BO vra TE VEEL, TE GOU. Dit verg Salomo se Wysheid om te weet waar die goue middeweg lê.

## 7. DIE ROL VAN DIE INGENIEURS

Watter rol het die siviele ingenieurs te speel in die transformasie van Suid-Afrika? Hierdie rol is iets wat nie by Kodesa ter sprake kom nie, maar dit kan van strategiese belang blyk

te wees.

Oor die afgelope sê 30 jaar het baie dinge in Suid-Afrika verkeerd geloop - en het skewe strukture ontstaan - wat in die eersvolgende dekade of twee reggestel (reggebou) sal moet word. So bv. is daar van owerheidsweë te veel op fisiese infrastruktuurontwikkeling bestee en te min in menslike kapitaalvorming belê. Dit is egter belangrik om te besef dat die besteding op infrastruktuurontwikkeling boonop "skeef" was omdat dit te "luuks" en te Eerste Wêreld-geöriënteerd was. Net so was die belegging in menslike kapitaalvorming "skeef" omdat te veel op blankes en te min op Swartes bestee is. In die dekade of twee wat voorlê sal daar eenvoudig meer op menseontwikkeling en minder op infrastruktuurontwikkeling bestee moet word. Dit gaan belangrike implikasies vir die siviele ingenieursbedryf hê. Maar dit gaan hierdie professie ook voor 'n groot uitdaging plaas. Suid-Afrika kan dit nie bekostig dat ons infrastruktuur steeds in terme van Eerste Wêreldstandaarde gebou en uitgebrei word nie. Die professie sal in die Transformasie van die "ou" na die "nuwe" Suid-Afrika 'n groot bydrae moet maak om standaarde maksimaal te verlaag sonder om dit te verlaag tot kritieke vlakke! Waar lê die nuwe ewewig? Dit is nie vir my om te sê nie. Die professie sal dit moet vind met behulp van Salomo se Wysheid in eie gelede. Wat hier op die spel is, is 'n duidelike begrip dat "doeltreffendheid" nie 'n neutrale en/of suiwer ingenieurs begrip is nie. Die ingenieurs het die taak om doeltreffendheid te vermenslik binne 'n bepaalde sosiaal-ekonomiese situasie. Ek het die uitdagings waarvoor Suid-Afrika te staan gekom het elders soos volg geformuleer:

1. Can the Establishment display the necessary Responsibility and Vision to sacrifice a measure of Power and Wealth in the short-term, in the expectation of a more democratic equitable, and prosperous South African in a decade or two?
2. Can the Liberationists display the necessary Responsibility and Tolerance to use newly attained power with moderation and respect for Efficiency and Rationality, to create conditions attractive to entrepreneurship and foreign investment?
3. Can we succeed with a mix of Capitalism and Democracy to put some rationality into equality and some humanity into efficiency?